DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

**18 Junie 2023**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Eksodus 14: 11 - 31, HK vraag & antwoord 26 |
| **Tema** | ***Die Here het alle mag in die hemel en op die aarde*** |
| **Sang** | Psalm 145: 1, 10, 11<br>Psalm 9: 7, 12<br>Psalm 38: 1, 17<br>Psalm 42: 1, 5<br>Psalm 128: 1, 4 |

Israel is uit Egipte verlos deur die Here se magtige ingrype met wonderwerke en kragtige dade. Dit alles het baie gou vervaag toe die eerste groot moeilikheid op hulle pad gekom het. Angs het hulle beetgepak toe hulle vasgekeer word tussen die Egiptenaars en die see. In plaas daarvan dat hulle mekaar toe bemoedig deur te wys op die groot dade van God in hulle verlede, verwyt hulle vir Moses oor die omstandighede waarin hulle is (vs. 11- 12).

Hulle verlang terug na Egipte. Die Here is genadig en gebruik vir Moses om hulle te bemoedig deur hulle aandag weg te neem van die omstandighede. Hoeveel onnodige stres en spanning laai by u op bloot omdat u God se werk vergeet? Omdat u vergeet van sy beloftes en dat Hy ook vir u verlossing gebring het deur Jesus Christus? By die eerste tekens van teenstand of wanneer die teëspoed op ons pad kom, sak die moed ook dikwels in ons skoene. Die blye boodskap is: Hy het reeds vir ons geveg en oorwin. Aan die kruis het Hy ons totale omstandighede verander deur Satan te verslaan en vir ons sondes versoening te doen en daarmee elkeen wat in Hom glo, vir ewig aan Hom verbind.

Juis dit gee vir elke gelowige die versekering van die Here se troue sorg, ook in die moeilikste omstandighede. Hy roep ons om deur die krag van sy Gees getuies van sy groot dade te wees. Ons moet self daaraan dink en mekaar daarmee bemoedig as ons bedreig word, as ons skade ly en as dit lyk asof alles rondom ons ineenstort. Verwyte en beskuldigings moet plek maak vir die getuienis oor God se werk. Ons kan terwyl ons die Rooisee voor ons sien en die Farao se leërmagte agter ons, bly vashou aan die God van die Bybel. Hy bly in beheer, Hy is magtiger as enige ander mag wat my benoud en bangmaak, Hy is aan my, sy kind, se kant, Hy bly my vashou, met my op pad wees, Hy sal by my wees tot die einde.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Marius Kruger wat Maandag weer die Kardioloog sien vir ‘n angiogram. Seën vir jou en Harriet.

* Ons bid vir Lynn O’Reilly wat steeds aansterk na haar operasie. Ons dink aan die familie wat haar bystaan.

* Ons bid vir Gerdien Kuijpers wie se kragte min is en aansterk na die chemo.

* Alle Hoërskoolleerlinge word Woensdagaand om 18: 00 na Oosstraat 69 genooi vir ‘n saamkuier. Baie dankie Stephan en Ester Borman vir julle inisiatief. Na die eksamenstress is dit ‘n aand om lekker te ontspan. Laat weet asb wie daar kan wees.

* Baie geluk aan Jan en Colette Albertyn met Antoinette se troue volgende naweek.

* Ons wens almal ‘n geseënde vakansie toe. Mag julle lekker rus en met nuwe krag terugkom.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 18 Junie 2023

**Diensbeurt:** Wyk 7
**Ouderling:** Danie Combrink
**Katkisasie:** Les 14
**Diaken:** Roelof Venter

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien na die erediens. Susters sal nie meer genomineer word om na eredienste koffie en tee te bedien nie.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (Ma) 19 Junie | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| (Di) 20 Junie | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Wo) 21 Junie | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Vr) 23 Junie | 18:00 | *Kerk* | Gemeente kuier (Bring & Braai) |




# KALENDER




## *Verjaarsdae*

| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *Belydend / Doop* | *Sel/Tel no.* |
|---|---|---|---|---|
| (So) 15 Jun | Ina Hamman | 64 | B | 083 651 7107 |
| (Ma) 19 Jun | Ernest Jansen<br>Jan-Carel Oosthuizen<br>JP Ferns | 62<br>36<br>32 | B<br>B<br>B | 071 524 8833<br>079 522 1992<br>076 238 1304 |
| (Di) 20 Jun | Riaan Jansen v Rensburg | 59 | B | 082 807 6210 |
| (Wo) 21 Jun | Erika vd Walt | 50 | B | 083 990 3585 |
| (Vr) 23 Jun | Mauritz Venter<br>Janko Venter | 12 | D | 082 444 0336 |
| (Sa) 24 Jun | Elani Boshoff | 1 | D | 072 353 1968 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| (So) 18 Jun 2016 | Henk & Nikki Holtzhauzen | 7 | 073 556 8971<br>071 987 4979 |
| (Do) 22 Jun 1996 | Antonie & Toesie Weideman | 27 | 082 846 6850<br>079 891 1557 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mens, die mens Christus Jesus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.**

**1 Timoteus 2:5 en 6**

## KOLLEKTES

**Kollektes Junie 2023**



**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**4 Junie Teologiese Studente Kas**~~
~~**11 Junie Emeritaatsversorging**~~
**18 Junie GKSA Sustentasie Fonds**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

## STAP - VIR - BYBELS





## ATTESTAAT ONTVANG

Die volgende lidmaat word hartlik in die gemeente verwelkom :

**Beleidende lidmaat :**

Thomas Hitge vanaf GK Potchefstroom Die Bult.

Ons hoop dat jy welkom sal voel hier in ons midde.



## DOPPER MODES



**Mooi getooi teen gister se pryse.**

**Kom koop mooi en netjiese klere teen bekostigbare pryse.**

**Fondse wat ge-in word op die dag gaan vir die Silwerdoppers.**




**Kom ondersteun 'n gemeenskapsprojek op 1 Julie by Destiny Inn op Dalmada (Plot 136) vanaf 09:00.**

**Daar is stalletjies en gesins vermaak deur die dag.**

## GEMEENTE KUIER




**Op Vrydag 23 Junie sal die braaivleis vure weer hoog brand want ons beplan 'n gemeente kuier vanaf 18:00.**

**Bring jou T-bone, Sirlion, Rump of hoender en kom braai lekker saam met ons. Pap en sous is bekikbaar.**

**Onthou asb ook jou eie eetgerei en drinkgoed.**

**Kom en geniet die aand saam met ons.**

# BOERE-ONTBYT

**Die Aktiwiteitskommissie bied op 22 Julie 2023 vanaf** 08:00 'n heerlike boere-ontbyt aan by die kerk.

**Daar gaan heerlike wors, spek, hoenderlewertjies, pap en eiers, vars gebakte brood met konfyt en nog baie meer bedien word.**




Skryf julle name op die lys agter in die portaal.

**Vir slegs R70.00 per volwassene en hoërskoolleerder en R40.00 per laerskool kind** is hierdie voorwaar 'n winskoop wat nêrens anders gevind sal word nie.

**Kaartjies nou beskikbaar** by die kerkkantoor asook by lede van die Aktiwiteitskommissie.

**ONTHOU asb die datum!!!**


# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Geen salf te smeer nie?**

**Die koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy land geplant het.**

**Matt 13:31b**



**Laat ons altyd op die Here vertrou..**

**God se werk kan nie volgens menslike maatstawwe gemeet word nie. In die piepklein mosterdsaadjie lê die krag van 'n boom opgesluit.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



In ‘n handjievol dissipels het die toekoms van die ganse kerk gelê.

God se werk is verstommend. Waar Hy werk kan niks Hom keer nie.



## Praat saam….

Moet die dag van klein dingetjies nie verag nie..

Moet nooit dink dat jou klein beskeie bydrae nie vrug sal lewer nie. Saai die saad, al is dit ‘n klein mosterdsaadjie..

Hou aan bid vir jou afgedwaalde kind, buurman, vriendin..

**Preke**

**Kan afgelaai word op:**

**www.gereformeerd.co.za**

**Koster**
**Nantes Kotze**
**015 296 0054**
**081 424 9651**

**Orreliste**
**Barbara Nagel**
**083 260 9581**

**Marisa Linde**
**083 408 2100**

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** **Faksnommer** | **Nantes Kotze** **(015) 296 0054 (Tel/Faks)** **086 293 4674 (Faks)** **E-pos :** |
| **Webwerf** **www.gereformeerd.co.za** | **admin@gereformeerd.co.za** **Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens** |
| **Bankbesonderhede** **Kerkkas** | **ABSA Tak 334-248** **Tjekrek 11-5034-0426** |
| **Diakonie** | **ABSA Tak 632-005** **Tjekrek 11-5034-1287** |
| **Koningskinders** | **ABSA Tak 632-005** **Geldmarkrek 91-9071-1847** |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | **ABSA Tak 632-005** **Tjekrek 11-5034-0191** |
| **Aktiwiteitskommissie** | **ABSA Tak 632-005** **Tjekrek 40-6962-4784** |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

*Die Here self sal vir julle veg. Julle moet net stil bly.”*

*Eksodus 14: 14*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**